

“Onze strijd, onze heldendood...”: Kreatiewe verwerking van patriotiese stof uit Celliers se oorlogsdagboek in Winterbach se *Niggie*

“Our struggle, our heroic death...”: A Creative Reworking of Patriotic Material from Celliers’ War Diary in Ingrid Winterbach’s *Niggie*”

MARISA BOTHA & HELIZE VAN VUUREN

Departement Afrikaans & Nederlands, Tale en Letterkunde,
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit,
Port Elizabeth
helize@absamail.co.za



Marisa Botha

Helize van Vuuren

HELIZE VAN VUUREN is professor in Afrikaans & Nederlands en departementshoof van Tale en Letterkunde aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth. Sy is outeur van *Tristia in perspektief* (1989) en mede-redakteur, saam met Willie Burger van *Sluiswagter by die dam van stemme: Beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (2002).

HELIZE VAN VUUREN is professor and head of department in Languages and Literature at the Nelson Mandela Metropolitan University in Port Elizabeth. She is the author of *Tristia in perspektief* [Tristia in Perspective] (1989) and co-editor with Willie Burger of *Sluiswagter by die dam van stemme: Beskouings oor die werk van Karel Schoeman* [“Lock-keeper at the Dam of Voices: Reflections on the Work of Karel Schoeman”] (2002).

MARISA BOTHA doen tans aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth doktorsale navorsing oor die outobiografiese kode in Antjie Krog se oeuvre. Sy het in 2006 ’n MA voltooi oor “Eksperiment en intertekstualiteit: ’n Studie van Ingrid Winterbach se *Niggie* (2002) en die *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902* (1978), asook ander Anglo-Boereoorlog tekste”, en talle artikels oor hierdie roman die lig laat sien. Vroeër het sy ook vergelykende werk gepubliseer oor die inheemse en die Europese sprokieskat.

MARISA BOTHA is currently doing doctoral research on the autobiographical code in Antjie Krog’s oeuvre at the Nelson Mandela Metropolitan University. In 2006 she completed her Masters degree with a dissertation entitled “Eksperiment en intertekstualiteit: ’n Studie van Ingrid Winterbach se *Niggie* (2002) en die *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902* (1978), asook ander Anglo-Boereoorlog tekste” [“Experiment and Intertextuality: A Study of Ingrid Winterbach’s *Niggie* [Cousin] (2002) and the War Diary of Jan F.E. Celliers 1899 – 1902 (1978), as well as other Anglo-Boer War Texts”]. She has published numerous articles stemming from this research. Prior to these articles she also did comparative work on indigenous San and European fairy tales.

ABSTRACT

“Our struggle, our heroic death...”: A Creative Reworking of Patriotic Material from Celliers’ War Diary in Ingrid Winterbach’s Niggie”¹

This article focuses on the Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902 [War Diary of Jan F.E. Celliers, 1899-1902] (1978) and how it is creatively reworked and adapted in Ingrid Winterbach’s (Lettie Viljoen) Niggie [Cousin] (2002). The Anglo-Boer War has been a recurring theme in Winterbach’s (Viljoen’s) oeuvre as can be seen in novels such as Belemmering [Impediment], Karolina Ferreira and Buller se plan [Buller’s Plan]. She is one of many writers who made extensive use of this material in her oeuvre. There was an overwhelming increase in the publication and re-publication of such novels and war diaries during the centenary anniversary of this historic war. Winterbach’s Niggie was awarded the Hertzog prize in 2004.

It will be shown that this novel is in fact not a superficial reworking of an age old theme, but that it is cleverly layered with commentary on the past, its people and government as well as commentary on these facets in the present, and to a certain extent a possible future for this country and its people. She uses the technique of intertextuality (Bakhtin and Kristeva, 1969) with great literary effect. This theory rests on the principle that all texts are to some extent interconnected. Nothing stands completely alone. There are references between texts created either consciously or unconsciously by authors. In a broader sense it can be said that all aspects of life, society, politics, economics, art and so forth, impact on each other and the world we live in.

Winterbach uses the poet Celliers’ war diary to draw parallels between the past and the present. She adapts actual historic views, problems, social and political circumstances in her novel and even succeeds in creating a character, Japie Stilgemoed, based on Celliers as seen through his eyes in his diary during almost the full length of the war. Topics to be discussed include patriotism, the role of religion, discipline, passivity and boredom during the Anglo-Boer War. Patriotism was fuelled not only by the prospect of defending one’s country, but to a great extent also by the effects of the scorched earth policy on the nature of warfare and the innocent people involved. The scorched earth policy was also the direct cause for the increase in concentration camps which led to thousands of deaths, especially of women and children. It will be shown how religion played an important role in sustaining the commando’s during the three years of the war, by carefully chosen texts from the Old Testament. Discipline was difficult to maintain during the war as the commando’s were in fact free men and not trained soldiers. The lack of discipline was also a result of the boredom and passivity of the commando’s during the war. Interestingly enough, the Anglo-Boer War (through the eyes of Celliers) was not a glorious experience with great battlefields, but rather for the most part the unnecessary loss of human life. There were, however, a few people who were seen as heroes after the war and these heroes went on to build a republic with nationalist views through the shared grief and pain of those who lived and died in this tragic war.

The anomaly of such a novel in 2002 seemingly dwelling on the past is clearly shown to be a metaphor for the present and its dilemmas, reflecting the social conflicts existing at present in the crumbling Afrikaans community.

¹ Daar is ook ’n artikel oor die intertekstualiteit tussen Winterbach se *Niggie* en Celliers se oorlogsdagboek voorgelê aan *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir literatuurwetenskap*. Alhoewel hierdie twee artikels dieselfde onderwerp het, word verskillende aspekte in hulle bespreek. Die *JLS/TLW* artikel fokus hoofsaaklik op die intervensie, wetenskaplike, ideologiese en “naturellekwessie” debatte in *Niggie*, terwyl hierdie artikel op die breër aspekte van die Anglo-Boereoorlog fokus soos patriotisme, godsdiens, dissipline en passiwiteit van kommandoede en hoe dit in *Niggie* neerslag vind.

1. INLEIDEND

Met die honderdjarige herdenkingsperiode (1999-2002) van die Anglo-Boereoorlog het verskeie uitgewers ou oorlogsdagboeke herdruk. Enkele voorbeelde is Johanna Brandt se *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in Geheime Dienst* (oorspronklik gepubliseer in 1912, heruitgegee in 1999), *Tant Miem Fischer se kampdagboek, Mei 1901 – Augustus 1902* (1964, heruitgawe 2000) en die *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902* (1978, heruitgawe 2000). Daar het ook 'n paar bloemlesings van oorlogsverhale verskyn soos Ena Jansen en Wilfred Jonckheere se *Boer en Brit* (1999) en dokumentêre geskrifte soos Fransjohan Pretorius se *Verskroeide aarde* (2001) en *Op kommando: Die lewe in die veld tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (2001) om maar 'n paar te noem. Verskeie romans het ook verskyn, soos Engela van Rooyen se *Vuur op die horison* (2000), Klaas Steytler se *Ons oorlog* (2000) en Christoffel Coetzee se *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998).

Niggie (2002) van Ingrid Winterbach is aan die einde van dié herdenkingsperiode gepubliseer. Hoewel die leserspubliek vir byna vier jaar deur die (her-)publikasie van dagboeke, romans en persdekking tot op die punt van oorversadiging met betrekking tot die Anglo-Boereoorlog gedryf is, wen Winterbach in 2004 die Hertzogprys vir háár roman oor dié oorlog, naamlik *Niggie*.

Die oplewing in Afrikaanse fiksie oor die Anglo-Boereoorlog is hoogs waarskynlik nie nét toe te skryf aan die herdenking van dié gebeurtenis nie. Chris van der Merwe merk op dat die belangstelling van Afrikaanse skrywers in die oorlog 'n “onderdeel (is) van die byna obsessionele belangstelling in die persoonlike en algemene geskiedenis van die land, met 'n fokus op die rol van die Afrikaners” (1998:2). Hy noem verder dat 'n “stimulus vir hierdie historiese belangstelling (...) kennelik die feit (is) dat Afrikaners in meer as een sin aan die einde van 'n tydperk gekom het: die einde van 'n eeu, die einde van 'n millennium, en die einde van die era van apartheid” (1998:2).

Hierdie artikel fokus op Winterbach se eksperimentering met 'n teks oor die Anglo-Boereoorlog wat geskryf is deur die volksdigter, Jan F.E. Celliers. Begrip van die aard van die intertekstuele spel met Celliers se dagboek is die sleutel tot dié procédé nie net in *Niggie* nie, maar ook in Winterbach se ander Anglo-Boereoorlog romans (*Belemmering, Karolina Ferreira, Buller se plan*).

Bogenoemde sentimente sluit aan by die teoretikus, Jean Baudrillard, se nihilistiese uitsprake oor die postmoderne wêreld. Raman Selden en Peter Widdowson merk op dat Baudrillard se kerngedagtes gesentreer is rondom 'n hiperrealiteit (1993:180): “His increasingly apocalyptic and hyperbolic statements in this post-1970's period include the sensationalist messages of ‘the loss of the real’ and of the appearance of the culture of ‘hyperreality’, in which models determine yet undermine the real”.

Baudrillard se hoofteorie is gebaseer op die “simulacra” – die voorstelling van die werklikheid. Selden en Widdowson voer aan dat daar volgens Baudrillard nie meer 'n “ware” wêreld is nie: “In the epoch of ‘simulation’ reality is gone for good and we are left only with appearance (...) [t]here is no longer a ‘real’ external world to which signs can refer; there has been an ‘implosion of image and reality’”.

Baudrillard se nihilistiese kommentaar op die moderne wêreld en sy kommentaar op die einde van geskiedenis, sluit aan by Winterbach se argivale bestekopname van die verlede: “Baudrillard sees postmodernity repeatedly in terms of the disappearance of meaning, of inertia, exhaustion and endings, whether of history or subjectivity” (1993:180). Dié siening opper die alternatief: “for society, theory and art is the option to recombine, repeat, relaunch the scattered pieces of a (lost) past (1993:181). Dít is presies wat Winterbach doen met haar eie voorstelling van die Anglo-Boereoorlog in haar oeuvre: Sy gebruik die roman as artefak om die verbrokkelde en verspreide brokke van 'n verlore verlede te herkonstrueer, te herhaal en tot nuwe lewe te bring.

Baudrillard verduidelik in sy essay “After the Orgy” dat ons in ’n tydperk leef waarin alle sektore van die samelewing reeds geliberaliseer is en waar ons noodgedwonge die verlede herhaal (1993:4):

This is the state of simulation, a state in which we are obliged to replay all scenarios precisely because they have all taken place already, whether actually or potentially. The state of utopia realized, of all utopias realized, wherein paradoxically we must continue to live as though they had not been. But since they have, and since we can no longer, therefore, nourish the hope of realizing them, we can only ‘hyper-realize’ them through interminable simulation.

Dié herhaling van temas en ideale sien mens in vandag se samelewing. In Suid-Afrika is die stryd vir vryheid en onafhanklikheid ’n goeie voorbeeld. Eers het die Boere in die Anglo-Boereoorlog gestreef na vryheid en onafhanklikheid van Brittanje, en daarna het die swartmense gestreef vir bevryding van die oorheersende wit mag tydens die apartheids-era.

Baudrillard merk in sy essay “Gesture and Signature: Semiurgy in Contemporary Art” op dat kuns as representasie herken moet word en nie geanaliseer behoort te word nie (1981:103):

In a world that is the reflection of an order (that of God, of Nature or, more simply, of discourse) in which all things are representation, endowed with meaning and transparent to the language that describes them, artistic ‘creation’ proposes only to describe. The appearance of things has the keys to the city, being itself the signature of an order that is given there to be recognized and not to be analyzed.

In dié geval kan ook na die literêre kunswerke van Winterbach gekyk word wat op ’n kreatiewe vlak ’n representasie van die geskiedenis weerspieël. Baudrillard voer aan: “The oeuvre wishes to be the perpetual commentary of a given text, and all copies that take their inspiration from it are justified as the multiplied reflection of an order whose original is in any case transcendent” (1981:103). Dié gegewens kan toegepas word op alle romans met ’n spesifieke tema of wat gebaseer is op ’n spesifieke gebeurtenis. In die geval van Winterbach is die spesifieke gebeurtenis die Anglo-Boereoorlog. Die oeuvre van Anglo-Boereoorlog tekste dien as “perpetual commentary of a given text” soos in die geval van *Niggie* waar kreatief omgegaan word met historiese feite uit dié tydperk en gevolglik Winterbach se eie representasie van die werklikheid is.

2. DIE OORLOGSDAGBOEK VAN JAN F.E. CELLIERS, 1899-1902 (1978) AS INTERTEKS VAN WINTERBACH SE NIGGIE (2002)

Die Suid-Afrikaanse outobiografie is ’n produk van die sosio-politieke spanninge in ’n multirassige en multikulturele samelewing. Dié outobiografie word gekarakteriseer deur motiewe soos rassekonflik, taalkwessies, grondkwessies, klasseverskille, ballingskap, godsdiens (Christelike geloof teenoor tradisionele gelowe), politiese gevangenskap en apartheidswetgewing (sien Van Vuuren 2000:39). Die meeste van dié kwessies is in Celliers se dagboek teenwoordig. Sy dagboek dek ruwweg die hele periode van die oorlog, tussen 28 Oktober 1899 en tot na afloop daarvan in 17 Julie 1902.

Nico Snyman maak die stelling dat Celliers se *Oorlogsdagboek, 1899-1902* belangrik is “om kultuur-historiese redes en (...) nie gekonsipieer (is) as literêre werk nie” (1998:336). Hierdie stelling sluit aan by Patricia de Martelaere se siening dat dagboeke “gedwee, van dag tot dag, de grillige stroom van het bestaan” beskryf, en “zo opgevat, bijna niet schrijven (is), alleen maar zien, ervaren, registreren, weergeven – een soort verbale duplicatie van het leven zelf” (1993:151, aangehaal in Van Vuuren 2002:90). Celliers se lewe in die oorlog kan beskryf word as “onaktief, passief, daar gebeur niks, hy neem net waar en beskryf of skryf oor die natuur, karakters, lewensomstandighede, ensovoorts” (Van Vuuren 2002:92-93). Maar dit is juis hierdie persoonlike insigte in die lewe van ’n kommandolid wat besonder boeiend is.

De Martelaere voer tereg aan dat dagboeke 'n soort duplikasie van die lewe self is en dat die alledaagse bloot weergegee word. Dagboeke verskil op hierdie gronde van die tradisionele outobiografie waar die outeur 'n volwassene is wat die verlede rekonstrueer. Philippe Lejeune (1989:4), wat bekendheid verwerf het as die vader van outobiografiese teorie, het aangevoer dat 'n outobiografie gedefinieer kan word as: "Retrospective prose narrative written by a real person concerning his (sic) own existence, where the focus is his (sic) individual life, in particular the story of his (sic) personality". Dit is belangrik om te onthou dat 'n outobiografie 'n teks is waarin net een self voorgestel word. In die geval van Celliers se dagboek waar die skryfproses daaglik plaasvind, is daar nie 'n geleentheid vir die outeur om 'n spesifieke raamwerk te kies of selektief te wees oor watter gebeure in te sluit of weg te laat nie. Dit is egter duidelik uit die imagologie, veral die stereotipering van die Britse soldate en die swartmense, dat hierdie teks tydens die agtiende eeu geskryf is. Die propagandiese aard van hierdie teks ten opsigte van die idealisering van die Boere, waar die Boere se vermoëns opgehemel word tot 'n byna mitologiese status dien as 'n verdraaide intertekstuele raakpunt in Winterbach se demitologisering van die Boeremagte. Alhoewel sy haar roman grootliks laat berus op die geskiedkundige patriotisme van die Afrikaners weef sy 'n stramien van mirage-agtige en ekonomiese proporsies oor die Anglo-Boereoorlog, wat die beeld van die oorlog in Celliers se dagboek ondermyn.

2.1 Patriotisme en vorming van 'n nuwe verenigde volk

Die eerste inskrywing van Celliers se oorlogsdagboek op 28 Oktober 1899 lui as volg:

Die oproeping tot den oorlog, eindelijk is zij gekomen! Driemalen had ik mij reeds vrijwillig aangeboden en lang vooruit mij geheel uitgerust, op eigen kosten; mijn paard stond klaar, mijn wapen en patronen had ik ontvangen, mijn kleeren gekocht. Ik wachtte verder kalm af wat volgen zou, en dezen namiddag terwijl ik heel vreedzaam in mijn tuintje aan het planten was, kwam de oproeping (1978:17).

Hieruit blyk Celliers se byna kinderlike opwinding vir die stryd wat voorlê en ook vurige vaderlandsliefde, want hy is bereid om sy gesin te verlaat om vir sy land te veg. Hy glo (seker soos vele ander): "Onze strijd, onze heldendood (zoo God aldus beschikt) zullen opgeteekend worden in de geschiedboeken der natiën met gulden letteren" (1978:24). Die patriotisme in dié oorlogsdagboek is byna oorweldigend, soos die geval ook is met ander tekste van dié aard. Op 2 Desember 1899, in die vroeëre stadium van die oorlog, verklaar hy trots: "Ik geloof niet dat ooit in de wereldgeschiedenis armoediger, geharder, vroolijker, tevredener soldaten ten strijde zijn getrokken (...) Elk individu is een patriot, die niet met ijzeren banden van den strijd terug te houden is" (1978:38). Hierdie selfde patriotisme word in *Niggie* weerspieël en dien as beklemtoning van Baudrillard se siening van die hede wat tot 'n mate herwerk is, maar steeds herkenbaar is as geskiedenis: "We live amid the interminable reproduction of ideals, phantasies, images and dreams which are now behind us, yet which we must continue to reproduce in a sort of inescapable indifference" (1993:4).

Hierdie euforia is egter nie van lange duur nie, want die veranderlikheid van kommandolewe begin Celliers se geroetineerde lewe omkrap: "Dat altijd nieuwe, dat altijd opbreken van hetgeen wij gewoon geworden zijn (...) dat verwisselen, elke week bijna, van kameraden aan wie wij door tijdelijke samenleving in één tent, in zekere mate gehecht raken (...) is toch niet aangenaam" (1978:26). Hy merk op oor die rondtrekkery: "[H]et heeft iets rauws, iets dierlijks, iets ongevoeligs dat kwetsend en koud is voor het hart" (1978:26). Celliers erken al op 19 Desember 1899 dat hy hom lelik misgis het oor wat kommandolewe eintlik behels: "Hoe duchtig heb ik mij vergist door de vorstelling die ik mij gemaakt had, dat het commandoleven voor mij een soort van wilde 'holiday' zou wezen" (1978:47).

Die verskroeide aarde-beleid is steeds een van die mees kontroversiële taktieke wat die Britse

weermag tydens die Anglo-Boereoorlog uitgevoer het, om die Boere tot oorgawe te dwing. Die direkte gevolg van bogenoemde is die konsentrasiekampe waar duisende gesterf het. Lord Kitchener se woorde in 1901 aan St. John Brodrick, die nuwe Minister van Oorlog, spreek boekdele oor dié gewetenlose man: “I do not want any incentive to do what is possible to finish (...) I think I hate the country, the people, the whole thing more every day” (Pakenham 1979:461).

Die afbrandings vir die maand van November 1900 het ongeveer 230 huise geraak. Hierdie statistiek is gevind in ’n Britse regeringspublikasie asook uit Lord Kitchener se geskrifte. Hierdie statistiek blyk foutief en heeltemal onvoldoende te wees volgens ’n erkenning van sir Alfred Milner, die Britse Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, in Oktober 1902 dat daar gedurende die Anglo-Boereoorlog soveel as 30 000 huise tot niet gemaak is (Spies 1977:118, aangehaal in Pretorius 1985:56). Fransjohan Pretorius merk op dat daar “hiervolgens (...) dus weinig huise ongeskonde gebly (het)” (1985:56).

Patriotisme en heldemoed blyk uit die volgende toneel waar Celliers verdiep is in ’n gesprek met ’n Boer oor die oorlog en sy gevolge:

Had iemand mij voor den oorlog verteld dat ik, na het verbranden van mijn huis, na het wegvoeren van mijn vrouw en kinderen, na het buitmaken van mijn vee en alles wat ik bezit, dat ik nog zou staan tegen den vijand dan zou ik gezegd hebben: *onmogelijk!* Maar zie, ik sta vandaag alleen op de wereld met niets dan de oude kleeren die ik aanheb, doch mijn wapen leg ik *nimmer* neer (1978:277)!

Die Engelse het hulle misgis oor die uitwerking wat dié oorlog op die Boere sou hê. Hulle het “dezen oorlog beschouwen als een straf en kastijding voor ons, het verre mis hebben: onze vijanden bejiveren zich van ons een groot volk te maken, een mogendheid” (1978:296). Hierdie stelling word bevestig wanneer Celliers na meer as twee jaar in die veld en ondanks vele ontberinge en die feit dat hy nooit geveg het nie, steeds onomwonde op 11 Februarie 1902 verklaar dat hy gevul is met vaderlandsliefde: “met de grootste liefde en heiligste geestdrift vervult (...) de innige verknochtheid aan eigen land en volksaard” (1978:343).

2.2 Die rol en invloed van godsdiens op die kommandolewe

In die negentiende en vir ’n groot deel van die twintigste eeu het Afrikaners hulself as die uitverkore volk van God beskou met Suid-Afrika as erfdeel van hul voorouers. Ten opsigte hiervan het ’n nasionale roepingsbewustheid ontstaan om te veg vir ’n heilige en regverdigde saak met die geloof dat God aan hulle kant is. Die strydslers het geglo dat mits hul getrou bly en hul plig nie versuim nie, God hulle sal beloon met oorwinning en daarmee op Sy tyd redding sal skenk aan sy uitverkore volk, soos dit ook die geval met die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 was.

Predikante het meestal hul tekste uit die Ou Testament gekies waarin die lyding van individuele mense of die volk van Israel uitgebeeld word. Ds. J.M. Louw van Boksburg het “in die dienste wat hy op kommando gelei het, 1 365 keer uit die Bybel voorgelees, waarvan 610 uit die Nuwe Testament en 755 keer uit die Ou Testament” (A. Kuit 1948:88-124, aangehaal in Pretorius 1999:193). Pretorius dui op die opvallendheid van tekste uit die Nuwe Testament wat by Louw voorkeur gekry het tot April 1901 in die guerrillafase, waarna skriflesings uit die Ou Testament sterk toegeneem het (1999:193). Hy skryf hierdie tekskeuses tereg toe aan die “voortslepende lyding van die burgers op kommando en die uitwerking van die konsentrasiekampe” op die Afrikaners, aangesien die “boodskap van verlossing uit die hand van die vyand sterk daarin beklemtoon is” (Pretorius 1999:193).

In *Niggie* gee Winterbach ’n akkurate beeld van die geskiedenis met haar fyn gekose Ou Testamentiese teksverse. Dié klem op die Ou Testament het tot gevolg gehad dat die burgers hulle as

volk met die lotgevalle van Israel vereenselwig het en wat weer op sy beurt tot 'n duidelike roepingsbewustheid gelei het.

Willem Boshoff, as die oudste en mees vrome van die aanvanklike groep van vier, lees uit Spreuke 3 voor (2002:14). Dit is nie duidelik watter deel hy gelees het nie, maar veral vers 21-26 is van toepassing op hul situasie: "My seun, behou die takt en oorleg; moet dit nie uit die oog verloor nie, dit sal vir jou 'n mooi lewe verseker en soos 'n pragtige halssnoer vir jou wees; jy sal jou pad veilig loop en jou voet nie stamp nie; jy sal nie bang hoef te wees as jy gaan slaap nie; as jy gaan lê, sal jy rustig slaap. Moenie bang wees dat 'n ramp jou skielik sal oorval, dat die storm wat vir slegte mense bedoel is, jou sal tref nie, want die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in 'n strik beland nie" (*Die Bybel, Nuwe vertaling*, 1991:586).

Oom Mannes, die oudste onder die groep by wie hul aansluit, lees voor uit "Exodus" (2002:137) aangaande die "oorwinning van die Israeliete oor Amalek by Ráfidim" (2002:137). Van belang is dat hy hierna bid dat die Here hulle sal "sterk in die delging van die Engelse in hierdie mooi land", asook vir die krag en uithoudingsvermoë en bowenal die oorhand oor die vyand sal gee" (2002:137). Hy lees uit Eksodus, en identifiseer die Boere met die uitverkore volk van God, die Israeliete. Eksodus beteken ook "uittog" (1991:51) en dit dien as bemoediging vir die Boere wat verlang na 'n uittog uit hierdie oorlog.

Aansluitend by die konsep van verootmoediging is die eenvoudige stelsel van trou en ontrou aan God en daarvolgens ooreenstemmende seën of straf. Hierdie idee is ook tydens die diens op Amajubadag op 27 Februarie 1901 by generaal Kemp se voetgangerlaer uitgespreek (Pretorius 1999:195). Die prediker is onbekend, maar die "oorwinning by Amajuba op 27 Februarie 1881 en die terugslag van generaal Cronjé se oorgawe by Paardeberg op dieselfde dag in 1900 is as openbaring van onderskeidelik God se guns en Sy bestraffing beskou" (Pretorius, 1999:196): "Godsdienstoeffening, waarbij deze gebeurtenissen beschouwd werden als openbaringen van Gods gunst en Gods bestraffing" (Celliers 1978:214). In *Niggie* weerspieël die vertellings oor Amajuba van Japie Stilgemoed, 'n karakter wat sterk ooreenkomste toon met die aard van die digter Jan F.E. Celliers, 'n historiese bewussyn: "In Februarie het ons die slag van Majuba gevier (...) maar ons moes ook generaal Cronjé se nederlaag by Paardeberg gedenk" (2002:56).

In *Niggie* is Reitz die oplettende een wat agterkom dat hul nuutgevonde "vriende" nie almal ewe ernstig oor hul godsdiens is nie. Reitz betrap vir Ruieben wat sy dagga rol in 'n dun Bybelbladsy: "Dit is gerol in iets wat verdag baie na 'n bladsy uit die Bybel lyk" (2002:79). Dié opmerking is ironies veral omdat hulle in 'n tyd en gemeenskap leef waar godsdiens 'n fundamentele rol speel en hieruit blyk dat sommige mense eintlik skynheilig en sonder respek teenoor die Woord van God opgetree het. Nog 'n voorbeeld van skynheilige gedrag is wanneer Gert Smal direk ná 'n gesang drank en dagga uithaal: "die laaste note van die gesang het pas weggesteef, of hy bring 'n bottel oorlogsbuit (...) te voorskyn en vra Ruieben om solank die kruid ook te rol" (2002:78).

Dit is duidelik dat Winterbach op kreatiewe manier met die geskiedenis omgaan, veral waar die grense tussen fiksie en feite vervaag of in sommige gevalle heeltemal uitgewis word. Die vernaamste literatuurteoretici Hayden White en Frank Ankersmit (in Zammito 1998) aanvaar die volgende ten opsigte van historiografiese metafiksie: "the distinction between historical and fictional statements on the level of reference to events but question it on structural levels" (aangehaal in LaCapra 2001:8). Hulle voer aan dat historiografie metafoeries beskryf kan word as "a closed window so stained by one set of projective factors or another that, at least on a structural level, it reflects back only the historians' own distorted image" (aangehaal in LaCapra 2001:8).

Die enigste teksvers uit die Nuwe Testament wat Winterbach in *Niggie* gebruik kom uit Lukas 18:35: "die blinde man van Jérigo wie se geloof hom gered het" (2002:94). Willem lees dié teksvers voor, nie om die manskappe moed te gee vir die stryd nie (soos die geval met teksverse uit die Ou

Testament), maar omdat Seun ernstig siek is. Dié is seker ook die enigste keer tydens die hele verhaal wat Gert Smal besorg en bekommerd voorkom oor iemand anders. Reitz merk onderlangs aan Ben op dat Gert Smal alleen “maar geloof in Oompie se mengsel” (2002:94) het. Dié opmerking word bevestig deur al die kere wat Gert Smal homself vergryp aan drank en dagga ná godsdiensoefeninge.

Celliers vermeld dat “men meer en meer gaat denken de overwinning niet zoozeer te moeten zoeken in een krachtig en praktisch voeren van de wapenen als wel in het zoeken naar een wondermiddel in Oud-testamentischen geest” (1978:173). Dié sentimente dat die geloof in God die stryders tot oorwinning sal lei en nie die gewere en ander wapens waarmee hulle fisies die oorlog voer nie, vind weerklank in *Niggie*. Japie Stilgemoed vertel: “Ons predikant het geglo dat Mauser en kanon ons nie sal help met die herwinning van ons onafhanklikheid nie, maar wel die wapens van geloof, liefde, hoop en gebed” (2002:56-57).

Celliers probeer ’n positiewe houding handhaaf oor sy ondervindinge in die oorlog, ondanks die afstand tussen hom en sy geliefdes en al die ontberinge en beproewinge wat hy moet deurstaan. Hy vertoon ’n moedige houding in sy inskrywing op 24 Oktober 1900: “Laat mij het leven kennen in zijne volheid. Laat mij niet zuchtend denken aan betere tijden. Kan de les van het geweld en de ontbering dan geleerd worden in de school van het gemak en den overvloed?” (1978:156). Dié inskrywing word omskryf in *Niggie* met Japie Stilgemoed se woorde: “Ek het besef dat dit geen baat het om na die einde van die oorlog te verlang as ek nog soveel het om te leer en ek so traag is om dit te leer nie (...) [h]et ek nie daagliks met skaamte gesien nie dat die leerskool van ontbering my van weinig nut gestrek het” (2002:65), in “daardie tyd het ek begin besef dat ons onself in ons krag en in ons swakheid in moeilike en beproewende tye leer ken” (2002:55) en “daagliks het ek die stem van my gewete hoor sê (...) [m]oet jou nie probeer verplaas uit jou eie hel nie (...) [m]oet nie die geleentheid laat verbygaan vir die groei van jou siel nie” (2002:80).

Celliers lewer kommentaar oor die dubbelheid van die mens se natuur (1978:260):

Deze dubbelheid in onze natuur!: aan den eene kant een eindeloos, nameloos verlangen naar het einde van al deze moeilijkheden (...) aan den anderen kant, een gevoel, tusschenbeide, als hadden wij behoefte in juichen uit te breken dewijl de oorlog ons in staat stelt levenservaringen op te doen die ons anders nooit voorgediend zouden geworden zijn.

In *Niggie* vertel Japie van dieselfde innerlike stryd: “Ek was verwonderd oor die dubbelheid van die menslike natuur. Aan die een kant het ek ’n eindelose verlange na die beëindiging van ons moeilike tye op kommando, en aan die ander kant was ek dankbaar dat die oorlog my leeservaring laat opdoen het (2002:159). Dié is eintlik ’n spottende stelling en ’n humoristiese verdraaiing van Celliers se woorde (“levenservaringen”), want wie sluit aan by ’n kommando vir die leeservaring?

Japie erken eerlik oor homself: “As iemand wat vanuit my natuurlike aard ’n groot behoefte het aan ’n geordende en rustige bestaan, het God dit goedgevind om my in ’n lewe te werp waarvoor ek eintlik min aanleg het. Om sodoende van my ’n beter en meer verdraagsame mens te maak” (2002:159). Winterbach lewer hier ook kommentaar op Celliers se lewe voor die oorlog as, onder andere, ’n staatsbibliotekaris.

Die eise wat die oorlog aan Celliers stel word duidelik op 9 Julie 1901: “Een soort verdooving en geestelijke stompzinnigheid maakt zich meer en meer van mij meester” (1978:259). In *Niggie* erken Japie ook dat hy op kommando dié innerlike verandering ondergaan het: “Daar het langamerhand ’n soort verdoving en geestelike stompsinnigheid oor hom gekom” (2002:82).

Die waarskynlike rede waarom Winterbach die idees en gevoelens van Celliers byna *verbatim* gebruik in haar eie roman, is om ’n geloofwaardige karakter te skep. Een wat die optimisme en patriotisme van die kommandolede weerspieël, maar ook ’n diepte van menslike emosie – moedeloosheid, depressie en ontnugtering – uitdruk wat vir die leser geloofwaardig is.

Hierna wend Celliers hom weer tot God, maar dié keer is sy toon dié van iemand wat desperaat na 'n uitkoms soek, want veel langer kan hy nie die mas opkom nie – 7 Augustus 1901: “Hoe lang nog deze beproeving, o God, hoe lang nog? Beproof ons niet te zeer. O God, wij zijn maar menschen, geef ons niet te zwaar te dragen” (1978:271). Twee dae later op 9 Augustus is Celliers se moedeloosheid met sy huidige situasie treffend, “[e]indeloos, eindeloos breed die verschrikkelijke vlakte” (1978:274) en teen 15 September bereik hy sy absolute laagtepunt op kommando en klink dit of hy in 'n diepe put van depressie verval het: “Groote, zwarte, zware eindeloosheid van wee en ellende!” (1978:289).

Dié donker beelde van Celliers se psige is opvallend, veral wanneer dit vergelyk word met sy vroeëre opmerkings oor die oorlog. Vroeër had hy in die ironiese beeld van die stryd geskep as 'n “kinderachtige ruzie”, en was sy uitkyk op hul lewe in die veld nogal intens romantiserend:

Wij maakten ons bed tusschen de klippen (...) [h]et was overal stil, en de groote heldere sterrenhemel spande zich boven ons, grootsch en vreedzaam, zich niet storend aan de dwaze menschjes met hun kinderachtige ruzie en rumoer (...) [o], het is niet te beschrijven wat een invloed de sterrenhemel uitoefent na zulk een dag (...) [m]en prevelt gebeden (...) [e]en wonderlijke roerende extase doet de borst hijgen en perst tranen uit de oogen (...) [o] God, als ik U nooit in mijne nabijheid gevoeld heb, dan was het toen (1978:55).

Teen 27 Oktober 1901 het die oorlog Celliers al heeltemal ontnugter. Hy filosofeer oor die dood nadat 52 manskappe dood en gewond is, na 'n Engelse aanval die vorige dag: “God heeft ons de macht gegeven het onszelven aan te doen, of elkander; en gebeurt dit nie, dan doet Hijzelven het ons aan” (1978:307). Hy verwys na die lyke: “dat ding dat daar ligt, was dat het voorwerp van zooveel moederzorg, van de liefde eener vrouw” (1978:307). Die gruwelike werklikheid van oorlog dring uiteindelik tot hom deur: “Wat een schok voor dien kolossalen eigendunk om het daar te zien liggen – hulpeloos, verwrongen, bemorst, vertrapt, stinkend – niets meer dan het kring van een hond of paard” (1978:307).

Ek het aangeteken hoeveel maal daar godsdiensverwysings in *Niggie* voorkom, sodat ek kon bepaal of dit 'n geloofwaardige weerspieëling van die werklikheid van daardie tydperk tydens die Anglo-Boereoorlog is en hierdie oefening het bewys dat dié teks in hierdie aspek absoluut 'n geloofwaardige weerspieëling is. Al bladsynommers wat weggelaat is, is dié wat reeds bespreek is.²

2.3 Die kommandolewe

Die inskrywing van 28 Mei 1901 kontrasteer skerp met Celliers se heel eerste inskrywing toe hy nog met kinderlike entoesiasme na die oorlog uitgesien het: “Ach het was weer de oude eentonige storie: Khaki aan het komen en wij aan het retireeren. Zoo weinig interesseerde het mij dat ik op de wagen zat te knikkebollen en weldra ging ik liggen om wat te sluimeren” (1978:246). Die nuuttjie van harde arbeid is ook verby en hy vertel dat “ieder manschap (...) tien korengerven” (1978:316) gegee is om te dors. Hy meld dat alhoewel die arbeid moeilik en nuut vir hom is, hy God dank dat Hy dit vir hom gee in plaas van “mensenmoord” (1978:316). Ben, die karakter in *Niggie* (2002), eggo dié sentimente: “As ons dit hiér (in Gert Smal se kamp) kan uitsit (...) het ons ten minstens nie weer deel dáaraan nie – aan die bloedvergieting, aan die slopende vergeefsheid van die kommandolewe” (2002:156).

Op 26 Mei 1901 vermeld Celliers dat 'n koerant tot hulle deurgedring het, waaruit hulle leer dat Engeland “1 ½ miljoen £, alleen aan oorlogskosten, per week moet uitgeven dat oorlogsbelastingen

² *Niggie* (2002) is vol godsdiensverwysings: 34, 45-47, 54, 55, 75, 77, 115, 124, 130-132, 135, 139, 141, 142, 144-150, 158-160, 168, 171, 177-183, 186, 187, 189, 199, 200, 203, 207-209, 213, 214, 217, 218, 221, 222, 225-227, 229-233, 237, 238, 245, 246, 249.

in Engeland geheven moeten worden die groote ontevredenheid verwekken” (1978:246). Hierdie brokkie nuus gee Celliers en sy ander kommandolede hoop, want “zoo zullen wij voortgaan en Engeland wit bloeden” (1978:246). Ongelukkig het hierdie plan nie die gewenste resultaat gelever nie.

Celliers se oorlogsmoegheid bereik breekpunt op 24 Februarie 1902. Dié inskrywing is treffend weens die eenvoudige alledaagse wense wat dit uitdruk: “Weer eens onder dak te komen, op een stoel te zitten, aan tafel te eten, uit een kopje koffie te drinken, brood te eten – o, wat een genot zoo eens even te mogen opduiken uit de slaperige doode poel van ons smakeloos Kafferbestaan ³!” (1978:346).

In *Niggie* gee Winterbach ’n akkurate beeld van kommandolewe en die proviand. Sy gebruik gegewens wat in ander oorlogsdagboeke voorkom, veral uit Celliers s’n. Sy noem dat hulle “biltong en pap” (2002:14), “koffie” (2002:23), “vrugte” (2002:32), patats (2002:54), aartappels (2002:54), “eiers” (2002:69), en by Niggie-hulle op die plaas “mielies” (2002:182) en ander groente gekry het.

Sy oordryf egter Celliers-hulle se situasie ten opsigte van kos skaarsste, want Celliers het nooit nodig gehad om “blare”, “uintjies” of “knolletjies” te kou nie (2002:26), maar daar was seker kommando’s wat wel tot dié uiterste gedryf is.

Japie Stilgemoed in *Niggie*, wat as karakter gebaseer is op Celliers, vertel van hulle omswerwinge in generaal Kemp se walaers van Februarie tot Mei 1901 (2002:55):

(...) van Rooiwal, oor die Skeerpoortrivier, verby Hekpoort aan die Witwatersberg, deur Hartleyspoort, by Groblersnek aan die Magaliesberg verby, verby Vlakfontein en Dwarsfontein en Leliefontein, oor Vlakvarkpan, Tafelkop en Rietpan in die Lichtenburgdistrik. Deur Kwaggashoek, Syferfontein en Bokkraal. By Grootfontein het ons skerp noord geswenk in die rigting van Groot-Marico na Koedoesfontein, toe weer suidoos terug na Kwaggashoek, en deur die Swartruggens tot by Waterval.

Dié gegewens stem presies ooreen met Kaart 9, “Met Kemp se walaers deur die Swartruggens, 18 Februarie tot 30 Mei 1901” in Celliers se oorlogsdagboek (1978:212). Dié katalogus plekname is ook interessant, aangesien mense se kreatiewe reaksie op hul omgewing hieruit afgelees kan word. Die gebruik van hierdie kaart in *Niggie* kan ook Winterbach se manier wees om die leser by ’n spel te betrek – ’n intertekstuele spel. Hierdie roman is ’n fees vir die sintuie, veral ten opsigte van al die leidrade wat die outeur vir die leser laat. Dit is byna soos in die feëverhaal van “Hansie en Grietjie” waar die kinders vir hulself ’n spoor van broodkrummels laat sodat hulle hul pad huis toe kan vind. Winterbach laat haar “broodkrummels” oral in die roman, seker met die hoop dat die leser dit sal volg en sodoende die roman se meervlakkigheid ontdek en gevolglik ook ’n dieper waardering vir die roman ontwikkel. In Winterbach se geval, anders as by Hansie en Grietjie, word die “broodkrummels” as ’n suksesvolle taktiek onthul vir dié lesers wat die teks met ’n fyn oog bestudeer het.

2.4 Dissipline

Celliers vertoon ’n besondere gawe om situasies te interpreteer in sy dagboek. In Januarie 1900 het hy ’n burger aangespreek omdat hy in reaksie op die kommandant se weiering om hom verloof te gee, opgemerk het dat hy homself dan die reg sal moet toe-eien om weg te loop. Celliers het hom daarop gewys dat indien ’n soldaat in enige ander leer so iets aan sy offisier sou durf sê, hy sekerlik ’n

³ Dié raspejoratief is heeltemal onaantwoordelik, maar alle aanhalings kom voor soos hulle in Celliers se dagboek verskyn, met die doel om ’n akkurate beeld van die geskiedenis te weerspieël. In hierdie opsig verwys Celliers na die feit dat swartmense nie luukse wonings gehad het nie en slegs met die minimum geriewe moes klaarkom.

gedugte straf op die lyf sou loop. “Ja, maar wij zijn geen soldaten wij zijn vrije burgers” (1978:63), was die veelseggende verweer.

Celliers het in Mei 1900 opgemerk dat ’n stelsel van anneksie onder hulle van toepassing is “dat in het gewone leven misschien botweg diefstal genoemd zou worden” (1978:108, na verwys in Pretorius, 1999:242). Later het Celliers op sy beurt op 24 Desember 1901 ’n osvel van ’n wa geneem sonder dat hy geweet het wie die eienaar is (1978:328).

A.D.W. Wolmarans, Uitvoerende Raadslid van die ZAR, het as boodskapper van beide Republieke op 1 Maart 1900 bekend gemaak dat “sterke drank moet absoluut onverkrijgbaar zijn, voor officieren zoowel als voor gewone burgers, en geen permit om het te bekomen moet voor iemand (wie het ook zij) te verkrijgen zijn” (1978:76, verwysing in Pretorius, 1999:246). Pretorius merk op dat in die guerrillafase daar oor die hele oorlogsterrein soms gevalle van drankmisbruik voorgekom het. Die maatreëls wat geneem is om dié soort wangebruik te verhoed is, “vanweë die mobiele aard van die stryd in die laaste twee jaar” waartydens “die kommando’s rondbeweeg en sodoende op verskeie maniere en plekke drank in die hande gekry” (1999:246) het, in die wiele gery.

Dié saak word in *Niggie* aangeroe, waar die kommando’s in mindere en meerdere mate toegang tot drank het. Willem se groepie het ’n klein hoeveelheid wanneer hulle “saans die lippe met brandewyn natmaak” (2002:26). In Gert Smal se kamp word daar dikwels drank gebruik. Hy skink onder andere vir elkeen ’n “forse skeut brandewyn” (2002:38). Dié oormatigheid van die kommandolede is in skerp en ironiese kontras met die gewone burger se beperkte voorraad. Die boer, wat die droom oor die triekstervrou met die verehoedjie het by wie Willem-hulle oornag, skink “versigtig vir elkeen ’n afgemete skeut brandewyn” (2002:7).

Winterbach lewer op ’n ander geleentheid dringender kommentaar op dié wetsoortreding deur die karakter Gert Smal en sodoende skets sy ’n negatiewe beeld van sommige kommando’s. Smal vertel ingenome dat die generaal “nooit ’n tekort aan voggies (het) nie – oorlogsbuit” (2002:38) en voeg smalend by dat die generaal nie “skroom om te vat wat hom toekom nie” (2002:38).

Celliers lewer skerp kommentaar op die wangedrag van die ander kommandolede wanneer hulle sonder toestemming ’n boer se vee plunder: “Men had, zonder koop of afspraak of verlof, schapen gevangen en geslacht van den Boer op wiens plaats wij gelagerd zijn” (1978:22). In ’n ander voorval ly die res van die kommando ook onder dié straf wat aan die oortreders opgelê is, want “nu mag niemand meer zonder verlof een huis of werf naderen omdat er bij een huis ingebroken is” (1978:26). Die ongelukkigheid wat dié voorvalle by die onskuldige bystanders veroorsaak, kan bespeur word in die volgende voorbeeld waarin die Britte en Boere hulle by dié mense opdring en misbruik. Deneys Reitz⁴ vertel van ’n Engelse boer, mnr. Guest, se misnoë met dié stand van sake: “First come the Boers this morning and slaughter my sheep; then come the British, who kill more sheep instead of catching the Boers and now I am hauled out of bed at this time of night by more Boers!” (1932:264). Later dié dag sien Reitz nog Britse soldate op mnr. Guest se plaaswerf, “we saw the men flinging oat-sheaves from a loft, and chasing poultry” (1932:66) en die arme plaasboer word selfs ’n derde keer in minder as twee dae lastig geval deur Britse soldate wat Reitz van sy wegkruipplek afluister: “I heard them clattering back to the farm, where presently their camp-fires shone out, indicating that Mr. Guest was once more to be an unwilling host” (1932:269). Celliers lewer kritiek op die wangedrag van die kommando’s: “Het wordt dagelijks moeilijker om de boel in orde te houden” (1978:67).

Tog is ’n mate van wangedrag op kommando seker te verwagte tussen wat Celliers noem “een vreeselijk mengelmoes van alles door elkaar” (1978:19). Dissipline was ’n moeilike taak om te handhaaf,

⁴ Ons gebruik in hierdie artikel die Engelstalige teks, omdat die oorspronklike Afrikaanse teks nie tot ons beskikking was nie, en ’n uiters skaars versamelaarsitem is.

maar Deneys Reitz sonder generaal De la Rey, van wie hy 'n hoë dunk het, uit. Hy het De la Rey in Mei 1900 met die wanordelike terugval van die Transvaalse magte in aksie gesien: "I was surprised that he had managed to keep so many with him, considering the way in which things were going to pieces, but he had more control over men than any officer whom I had thus far seen" (1932:106).

Daar was egter ook die ander kant van die saak waar mense terugskouend 'n antiheroïserende siening van die oorlog het. Die strydery in die Anglo-Boereoorlog het bestaan uit 'n groot verskeidenheid mense uit alle klasse in die samelewing. Die verpligte ouderdom vir diens in die kommando's was sestien, maar selfs jonger seuns het hul vaders na die slagveld gevolg om te veg vir hul onafhanklikheid.

Daar is geen twyfel dat die Boere hul onafhanklikheid en vryheid hoog geag het nie, maar soos Pretorius tereg opmerk, "of daar by die meeste burgers 'n breër nasionalisme was wat oor die grense van hul Republieke en oor die hele Suid-Afrika gestrek het, is 'n moeiliker vraag" (1999:355). Hy noem egter dat daar wel diegene was wat 'n "verenigde Suid-Afrika van Afrikaners en Afrikanervriende in Suid-Afrika as die einddoel gesien het" (1999:355). 'n Voorbeeld daarvan was Jan Smuts wat dit reeds vóór die oorlog in die propaganda-pamflet van die ZAR, *Een eeuw van onrecht* (1899), aangeroen het (1900:62, aangehaal in Pretorius, 1999:355). Staatsekretaris F.W. Reitz⁵ se "naam is op die pamflet aangebring, dog dit is bekend dat Smuts en Jimmy Roos die skrywers was, met Smuts se bydrae die grootste" (Pretorius 1999:452).

2.5 Passiwiteit tydens die oorlog

Seker die treffendste element van Celliers se oorlogsdagboek is die gebrek aan enige aksie. Celliers se dagboek bevat nie beskrywings van gewelddadige veldslae en glorieryke oorwinnings nie, weens die feit dat hy gedurende sy twee en 'n driekwart jaar op kommando *nooit* aan 'n veldslag deelgeneem het nie. Die hoofrede is moontlik sy gebrekkige gehoor, maar daar was ook ander redes gewees. Sommige van dié redes was bloot verskonings gefabriseer deur die kommandant om hom uit die veld te hou.

Aan die begin van die oorlog het Celliers sy eie perd aangeskaf, maar so vroeg as 9 November 1899 word sy perd siek, "mijn paard en nog een ander werden toen afgekeurd" (1978:23), maar daar is 'n ligstraal: "Men heeft mij een ander beloofd" (1978:23). Hy verbeur gevolglik die geleentheid om aan 'n veldtog deel te neem en sy teleurstelling is byna tasbaar: "O, ons bloed kookte en huppelde van verlangen om mee te gaan" (1978:23-24). Hy het by die kommando aangesluit om deel te wees van 'n geskiedkundige gebeurtenis: "Alles wat ik begeer, is deze historische veldtocht mee te maken en zooveel mogelijk alle phazen daarvan in mij op te nemen" (1978:24). In *Niggie* vertel Japie ook van die skaarsste aan perde onder kommandoode: "Op een tog het ons baie perde verloor, ook van die perdesiekte. 'n Ander keer het die weerlig drie perde doodgeslaan. Die aantal voetgangers het die hele tyd groter geword – daar was nie meer plek vir almal op die waens nie" (2002:57).

Uiteindelik na 'n moeisame en gevaarlike tog (seker die meeste gevaar waarin hy homself tydens die hele periode van die oorlog bevind) sluit Celliers op 14 September 1900 weer by 'n kommando aan nadat hy uit Pretoria ontvlug het: "God zij gedankt, ik verkeer weer tusschen vrije mannen, met de wapenen in de hand, en voor't eerst voel ik mij weer veilig sedert de laatste vier maanden" (1978:133). Hy beskou die strydery as vrye manne moontlik omdat hulle steeds hul eie besluite neem en nie onder Britse heerskappy leef nie.

⁵ Prof. F.A. van Jaarsveld (1992) noem F.W. Reitz as die outeur en Ena Jansen (1998), alhoewel sy die teks as "anoniem" in haar bibliografie inskryf, dig sy dit toe aan J.C. Smuts as die waarskynlike outeur. Nóg Van Jaarsveld nóg Jansen noem egter 'n uitgewer, maar albei stem saam dat die pamflet in 1899 gedruk is. Pretorius is duidelik oor die outeurskap, maar noem dat die pamflet eers in 1900 gepubliseer is.

Japie Stilgemoed in *Niggie*, vertel dat hy na 'n "vlugtige skermutseling met die vyand afgesny geraak het van sy kommando en 'n tyd lank op sy eie rondgeswerf het" (2002:121). Dit herinner aan Deney's Reitz se soeke na J.C. Smuts en Jan F.E. Celliers se ontvlugting uit Pretoria.

2.6 Verveeldheid op kommando

Die Anglo-Boereoorlog word in verskeie tekste omskryf as 'n opwindende ondervinding, bestaande uit guerilla-aanvalle en glorieryke veldtogte, maar in Celliers se dagboek is dit duidelik nie die geval nie. Aangesien hy nooit aan veldtogte deelgeneem het nie, het hy die meeste van sy tyd in die kamp deurgebring. Hy verwys telkens na die verveling van oorlogvoering: "[I]k ben moe van het zitten" (1978:35), "een vervelende, lange dag" (1978:60), "den heelen dag liggen wij daaronder te lezen of te slapen" (1978:199) ensovoorts.

Die burgers se verveling word nog meer beklemtoon deur hul aktiwiteite: nie die soort aktiwiteite wat mens van kommandoede sou verwag nie. Soos die geval op 3 Maart 1900 wanneer daar niks te doen is in die kamp "schonken Isaac en ik onze waterkannetjes vol thee, namen een paar beschuiten en een blikje perziken-jam en begaven ons naar de rivier" (1978:77). Hierdie is 'n byna ongelooflik rustig-pastorale beeld van die lewe in 'n oorlogskamp. Dit is 'n vreemde scenario vir 'n oorlogsdagboek, wat eerder herinner aan 'n beskrywing in 'n Victoriaanse novelle.

Die hoof tydverdrijf is lees: "Voor zooverre de plichten van het kookken ons niet bezig hou, is ons voornaamste tijdverdrijf lezen en altijd maar lezen" (1978:228). Japie Stilgemoed verklaar ooreenkomstig: "My vernaamste tydverdrijf in die tyd wás maar lees. Dit was die enigste manier waarop ek die ure en dae kon omkry" (2002:78).

Aangesien nie almal geletterd was nie en daar behoefte ontstaan het aan afwisseling van die alewige gelees, was "het vermakelijk om te zien waarmee groote menschen zich kunnen bezig houden" (1978:143). Hierna lys Celliers die opsies: "[h]et pellen en opeten – één voor één – van haverkorreltjes", "een of ander steen of stokje bombardeeren met kleine steentjes" (1978:143), "het reinigen van de tanden met een pendoorn, hoe heerlijk!" (1978:143), "iemand die een handjevol zout zit wijn te malen heeft wel vijf of zes om hem heen – liggende of staande – die zich geen enkele beweging van zijn handen laten ontgaan" (1978:143), maar "een bron van onuitputtelijke belangstelling is altijd het vuur" en dat "een stille muziek daarvan uitgaat in den nacht" (1978:143).

In *Niggie* beeld Winterbach die stryd op ooreenkomstige wyse uit. Japie "lees of skryf in 'n boek" (2002:59), Kosie "lees óf sit ineengedoke voor sy skerm pie in die son" (2002:59), Seun maak wippe waarmee hy oordag klein diere vang, wat hy afslag en aan pendoring's ophang om uit te droog – soos die laksman" (2002:59), Gert Smal "maak sy naels met 'n knipmes skoon, kou aan 'n stokkie" (2002:59) en Ruieben maak "saals en stiebeuels reg (...) rook (...) pyp, of kerf aan 'n houtvoorwerp" (2002:59). Hierdie aktiwiteite is ironies indien vergelyk met die grandiose ideale rondom burgeroorloë.

Oorloë bestaan nie alleen uit veldtogte nie (soos dié dagboek duidelik maak) en daar is blykbaar tyd vir pret om die verveling van elke dag se rondsit te verlig. Vir hierdie doel ontstaan sportdae van "georganiseerde en geregelde sport" (1978:223). Hulle span 'n bokseil om 'n paviljoen te bou en daaronder word stoele gepak vir die "zes- of achttal dames die als toeskouers opgedaagd waren" (1978:223) en asof dit nie genoeg vermaak verskaf nie, is daar selfs "een viertal clowns" wat tussen die verskeie speletjies die mense vermaak. Dié scenario sou mens ook glad nie verwag het in 'n oorlogsdagboek nie.

In *Niggie* vertel Japie van 'n soortgelyke gebeurtenis. Hulle het met die vooruitsig van vredespraatjies twee weke van Boeresport gereël. By Tafelkop het die burgers "veertien dae lank plesier gemaak by die moontlike vooruitsig van vrede (...) [d]aar is speletjies gespeel – wedrenne, verspring, toutrek, skerm, boks" (2002:63).

Ten opsigte van tydverdryf word daar gesuggereer dat die kommando's eintlik verveeld was. Ben en Reitz skryf in hulle joernale (2002:61), swem en was klere (2002:73), bad in die rivier (2002:50) en stop selfs hul kouse (2002:52) wat herinner aan Totius wat gedurig besig met sy sokkies was (1977:43). Daar word ook eetgerei uit hout gekerf (2002:77). Die lot van die Boere is tot 'n mate ooreenkomstig met die ballinge in Ceylon wat ook afgesonder, verveeld en doelloos hul tyd verwyf het.

Reitz en Ben het bevindinge in hulle joernale opgeteken, terwyl die res van die kommando in die "skadu geslaap, kaart speel, en gedobbel" het om die tyd te vul. Volgens hulle het "weinig van die burgers (...) nog gelees of gereeld briewe geskryf om die dralende tyd om te kry" (2002:17). Die verwysing na min lees bots met die voorbeelde wat Totius en Celliers in hulle onderskeie dagboeke weergee.

Daar word fel kritiek gelewer op die verveeldheid van die kommando's. Reitz soek 'n uitweg uit die oorlog, want hulle "fut was uit", hulle het "te lank lê en wag op aksie" en "hulle gatte af verveel" (2002:40). Hulle is verder in 'n "opvangskamp vir tydelike en permanente gevegsongeskiktes" (2002:52) en hulle self is van "onsekere status enigiets tussen drosters en verraaiers (...) [s]pioene selfs" (2002:52). Die vermoënis van die burgers weens dié uitgerekte oorlog eis later sy tol en Celliers lewer soortgelyke kommentaar in sy dagboek: "Dit stil liggen en nietsdoen is zeker niet berekend om moed en strijd lust bij ons wakker te houden. Onze gedachten dwalen huiswaarts en wij bidden en zuchten om den dag van verlossing" (1978:200).

Die kommandolede se gemoedstoestand kom onder die soeklig wanneer Ben en Reitz beweer hulle lyk soos "Grondboesmans" en dit is hulle ekwivalent van Celliers wat hom vergelyk het met 'n swartman se omstandighede, toe hy sê hy het 'n "Kafferbestaan" (1978:346). Winterbach se werksmetode kan hier aan't operere gesien word. Sy neem 'n element, vorm 'n parallelisme, en verander dit daarvolgens. In hierdie geval is dit oor ras en aard in die geskiedenis.

2.7 Ontberings op kommando

Die kommando's moes vele ontberings deurstaan tydens hulle byna drie jaar lange verblyf in die veld. Een van die nadele van in die natuur leef, is die onvoorspelbare weersomstandighede. Celliers vertel van 'n frats storm wat oor hulle losbars: "Een storm komt over het veld aanzetten (...) doch voor onze wagens de staanplaats bereikt hebben barst de storm los uit de inkt-zwarte wolken" (1978:27) en dat daar "geweldige bombardement van groote hagelsteen op ons neêrkwam" (1978:27). Japie Stilgemoed verwys, soos Celliers (sien byvoorbeeld 1978:200, 208 en 220) na die "oneindige reën" en hoe hy deurentyd in sy "tent gesit en lees het met 'n kombers oor sy skouers en hom op dié manier van die hede en sy beproewing afgesluit het" (2002:64).

In Celliers se dagboek word daar vermeld van "steken wolken kleine vliegende mieren" wat op hulle neergekom het (1978:218). In *Niggie* word daar ook melding gemaak van 'n soortgelyke insident: "Op 'n dag het ons 'n wolk vlieënde miere teëgekome. So iets het ons nooit vantevore beleef nie. Hulle het oral ingekruip" (2002:57). In *Niggie* vertel die strydslers: "Tydens 'n nag lange reënbui het die manne soms in miershope geslaap. Ek het myself voortdurend tot geduld en beproewing probeer maan" (2002:57). In Celliers word die miershope vir stowe gebruik (1978:200).

In die voetgangerlaer in Wes-Transvaal waarby Celliers hom in 1901 bevind het, is daar gedurende Julie slegs elke derde dag bees geslag (1978:265). Teen September van dieselfde jaar het dié situasie egter verbeter (1978:289). In *Niggie* word daar in Gert Smal se kamp nie beste geslag, soos in Celliers s'n nie, maar hulle word voorsien van wild (2002:126). Dié verwysing skakel ook met Deney's Reitz se opmerking dat ammunisie vir oorlogvoering gebruik moes word en nie vir wildskiet nie (1932:273). Hieruit kan die leser aflei dat Gert Smal se groepie asook generaal Bergh se manne nie 'n voorbeeldige kommando was nie.

'n Sakdoek was 'n seldsame en waardevolle besitting. Pretorius merk op dat iemand daarop gewys het, dat dit nooit as neusdoek diens gedoen het nie, “omdat mens in die reël op kommando nooit verkoue was nie en veral omdat dit 'n onvergeeflike sonde sou wees om dit as sodanig aan te wend wanneer daar soveel ander gebruike daarvoor was” (1999:91). Op kommando word selfs die kleinste kledingstuk of stukkie materiaal benut. Celliers maak die eienaardige stelling: “Een zakdoek is eene zeldzame en onschatbare bezitting bij ons” (1978:145). Hierdie stelling word verklaar wanneer hy die verskeie funksies van 'n sakdoek noem. Dit dien as “handdoek”, “vliegenscherf”, “handzakje” en selfs “slaapmuts” (1978:145). Celliers spreek sy dankbaarheid uit dat tot op hierdie stadium nog niemand gevra het om syne te leen nie want, soos hy redeneer “iedereen begriep dat dit bijna gelijk zou staan met het hemd van mijn lijf te vragen” (1978:145).

In 'n gesprek tussen Oompie en Reitz vertel Reitz dat hy lankal nie meer 'n sakdoek het nie. Sakdoeke het “al in die eerste jaar van die oorlog in die slag gebly. Hulle het met verloop van tyd soveel uiteenlopende ander funksies moes verrig, dat daar later nie meer 'n herkenbare sakdoek in omloop was nie” (2002:98).

Die mees onuitstaanbare pes, volgens Celliers, is die luise. Hy kry reeds op 19 Oktober 1900 luise en kla van “een jeuken over geheel mijn lichaam” (1978:152). Hy meld op 4 Februarie 1901 dat hulle onvermoë om skoon klere te kry die probleem vererger: “Onze onmogelijkheid om van kleeven te verwisselen, hebben de kleine logeergasten op ons lichaam een feestelijk bestaan en geven ons nog altijd veel last” (1978:204).

Teen 11 Februarie 1901 is Celliers bereid om al sy besittings op te offer vir insekpoeier: “[K]on ik nu een blikje insectenpoeder raak lopen ik zou er 5/- voor neerleggen, al is mijn heele bezitting slechts £2” (1978:209). Die ander alternatief “zijnde het uitkooken het beste middel om ontslagen te raken van kriebel-krabbelige kostgangers” (1978:214), maar dit verniel die reeds voos en skamele kledingstukke. In *Niggie* vertel Japie ook van dié pes en dat hulle dieselfde metode gevolg het om daarvan ontslae te raak. Hulle het hul “klere uitgekook teen die luise” (2002:101).

Dié situasie bereik breekpunt op 2 Junie 1901 wanneer Celliers uitbars: “Niemand die er geen ondervinding van gehad heeft kan ooit weten wat het beteekent dag en nacht door luizen gevreten te worden” (1978:250). Sy desperaatheid om van die luise ontslae te wees, is tasbaar en hy verklaar op 31 Julie 1901 dat die luise meer as om “eenig last dat Khaki ons aandoet, bid en smee ik om het einde van den oorlog” (1978:268). Japie Stilgemoed in *Niggie* erken dieselfde vrees. Hy was “banger vir luis as vir Kakie (...) [w]ant Kakie kan jy nog 'n kopskoot gee, maar as luis se kind eers vir hom ingeskop en nese maak het, kry jy hom nie uitgedelg nie” (2002:101-102).

In die inskrywing van 20 Maart 1901 verwys Celliers na moontlik die ernstigste besering wat hy tydens die oorlog opgedoen het: “Mijn rechter been, dat zoowat drie weken geleden door een muilezel op een schop getraakteerd is, scheen mijn hoop op zelfgenezing niet te willen nakomen; ik ging dus van morgen een bezoek brengen aan den dokter” (1978:224). Die dokter verbind sy been en gee hom “tegelijk een boek te lezen” (1978:224). Die boek ly sy gedagtes van die werklikheid af (hy ontsnap die werklikheid van sy situasie) en hy erken: “ik leef met mijn geest ver buite het heden en zijne beproevingen” (1978:224).

Japie Stilgemoed erken dat hy ook boeke as ontvlugting uit sy huidige situasie gelees het: “Telkens het ek weer 'n boek geneem en daardeur probeer ontsnap aan die pynlikheid van die oomblik, aan die gevoelens van vergeefsheid en wanhoop. Ek kon nie by die hede bly sonder om van alle moed en sin ontdaan te raak nie” (2002:78). Hy het soos Celliers gevrees dat as hy homself nie afsny nie, hy die gevaar loop om sy “sinne kwyt te raak” (2002:78).

Celliers vertel van die verwoesting wat die Khakis gesaai het: “Onze heele route langs was het eene opvolging van afgebrande huizen. Dat, en de zwarte brandvelden maakten bij het maanlicht een allerakeligst gezicht van verwoesting en treurige verlatenheid; nimmer wordt de herinnering daaraan

weer bij ons uitgewischt" (1978:257). Hierdie is nie net 'n verskriklike beeld van oorlogsverwoesting nie, maar dit is interessant om op te let dat die woord "ons" gebruik word en nie die Nederlandse "wij" nie. Dié is een van die voorbeelde waar Nederlands gewysig word na wat voortaan bekend sal staan as Afrikaans. Celliers het blykbaar sy eie gedig, "Die vlakte" se taalgebruik gewysig van hoog Hollands na Afrikaans nadat hy Eugène Marais se gedig, "Winternag" gelees het.

In *Niggie* word daar op soortgelyke wyse na die verskroeide aarde-beleid verwys: "En oral, die aaklige gesig van verbrande en ingestorte huise – die Kakies se handewerk" (2002:57). Celliers se woorde vind 'n eggo in Japie se relaas: "die opeenvolging van afgebrande huise op hulle roete. Dit en die swartgebrande velde in die maanlig vergeet hy nooit weer nie. Dit is vir altyd in sy geheue ingegraaf" (2002:82).

Die kommando's het uit desperaatheid by een van dié verbrande huise die "[k]ozijnen, vloeren en al wat maar hout is" (1978:256) uitgebreek om as brandstof te gebruik vir vuur. Hierdie drastiese pogings om te oorleef en die dierlikheid wat in al die mense betrokke by die oorlog na vore tree, lei Celliers om onomwonde te verklaar: "Voor mensch en dier is de oorlog een vloek" (1978:257). In *Niggie* vertel Japie dat "hulle later alle hout van die verlate huise vir vuur gebruik het, die vloerplanke sowel as die deurkossyne" (2002:82). Dié gegewens is verstommend na aan Celliers se situasie.

Winterbach lewer kommentaar op Celliers se psige, deur Japie as spreekbuis, en beweer dat hy "erken dat hy hierdie tonele van verwoesting doelbewus begin opsoek het – dat hy dit sien as 'n barbaarse impuls wat hom daartoe gedryf het, iets donkers in hom wat behae in die vernietiging geskep het" (2002:82).

3. TEN SLOTTE

Met *Niggie* bewys Winterbach haarself as een van die mees eksperimentele skrywers wat tans in Afrikaans skryf. Haar gebruik van intertekstualiteit om parodiese, maar ook kulturele opmerkings te maak oor die geskiedenis en veral die belangrikste gebeurtenis in Afrikaanssprekendes se heugenis, naamlik die Anglo-Boereoorlog, spreek van haar kreatiwiteit. Sy toon dat die teoretiese besinning oor intertekstualiteit, wat geïnspireer is deur die Russiese filosoof, Mikhail Bakhtin en in 1969 deur Julia Kristeva gemunt is in *Sémiotiké*, nie slegs na ander tekste verwys nie, maar in hierdie geval 'n hegte weefsel vorm van verskeie diskoerse wat tot in die hede deur Afrikaners gevoer word.

Niggie is besonder heg verweef, meervlakkig en fyn gestruktureer en dit is juis die aspekte van intertekstualiteit en historiografiese metafiksie wat die sleutels bied tot dié roman se meerdimensionaliteit. Die anomalie van hierdie roman in 2002 wat met die eerste oogopslag blyk op die verlede te fokus, word onthul as 'n metafoor vir die hede en haar kwessies. Dit dien as 'n weerspieëling van die sosiale konflikte wat tans in die argumenteerbaar verbrokkelende Afrikaanse gemeenskap bestaan.

BIBLIOGRAFIE

- Baudrillard, Jean. 1993 (1990). *After the Orgy. The Transparency of Evil. Essays on Extreme Phenomena*. Translated by James Benedict. London: Verso.
1981. *Gesture and Signature: Semurgy in Contemporary Art. For a Critique of the Political Economy of the Sign*. Translated by Charles Levin. United States of America: Telos Press.
- Botha, Marisa & Van Vuuren, Helize. 2007. Eksperiment en intertekstualiteit in *Niggie*. *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir literatuurwetenskap* 23(1): 63-80.
- Brandt, Johanna. 1999 (1958). *Die Kappiekommando of Boerevroue in geheime diens*. Pretoria: Protea Boekhuis. 1915 (1912). *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in Geheime Dienst*. Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij.

- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1991 (1983). *Die Bybel. Nuwe vertaling (met hervormulerings)*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.
- Celliers, Jan F.E. 2000. *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902*. Stellenbosch: Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA).
1978. *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902*. A.G. Oberholster (red.). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Coetzee, Christoffel. 1998. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Kaapstad: Queilleries. e Martelaere, Patricia. 1993. *Een verlangen naar ontroostbaarheid. Over leven, kust en dood*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Du Toit, J.D. (Totius). 1977. *Vier-en-sestig dae te velde. 'n Oorlogsdagboek. Met aantekeninge deur V.E. D'Assonville*. (Faksimile-uitgawe in beperkte oplaag). Kaapstad: Tafelberg.
- Fischer, Maria A. 2000 (1964). *Tant Miem Fischer se kampdagboek, Mei 1901 – Augustus 1902*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Jansen, Ena en Jonckheere, Wilfred. (samest.). 1999. *Boer en Brit. Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog*. Pretoria: Protea Boekhuis.
1998. "Eene eeuw van onrecht" – De ethische en esthetische problemen van getuigenverslagen. Van Johanna van Warmelo tot Antjie Krog. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 5(2), Desember: 113-127.
- Kristeva, Julia. 1969. *Sémiotiké: recherches pour une sémanalyse*. Paris: Seuil.
- Kuit, A. 1948. *'n Kommandoprediker*. Pretoria: J.H. de Bussy.
- LaCapra, Dominick. 2001. *Writing History, Writing Trauma*. Baltimore & London: The John Hopkins Press.
- Lejeune, Philippe. 1989. *On Autobiography*. Translated by Katherine Leary. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Oberholster, A.G. (red.). 1978. *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Pakenham, Thomas. 1979. *The Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Pretorius, Fransjohan (red.). 2001. *Verskroeiende aarde*. Kaapstad: Human & Rousseau.
2001. *Op kommando: Die lewe in die veld tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- 1999 (1991). *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
1985. *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Kaapstad: Don Nelson.
- Reitz, Deneys. 1912. *Kommando. 'n Boere-dagboek uit die Engelse oorlog*. Kaapstad: HAUM.
- 1932 (1929). *Commando. A Boer Journal of the Boer War*. London: Faber & Faber.
- Reitz, F.W. 1900 (1899). *Een eeuw van onrecht*. Dordrecht: Morks & Geuze.
- Selden, Raman and Widdowson, Peter. 1993. *A Reader's Guide to Contemporary Literary Theory* (Third Edition). Kentucky: University Press of Kentucky.
- Snyman, Nico. 1998. Jan F.E. Celliers (1865-1940). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (Deel 1). H.P. van Coller (red.). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Spies, S.B. 1977. *Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics, January 1900 – May 1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Steytler, Klaas. 2000. *Ons oorlog*. Kaapstad: Tafelberg.
- Totius (Du Toit, J.D.). 1977. *Vier-en-sestig dae te velde. 'n Oorlogsdagboek. Met aantekeninge deur V.E. D'Assonville*. (Faksimile-uitgawe in beperkte oplaag). Kaapstad: Tafelberg.
- Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Merwe, Chris. 1998. Die verstommendste verskietende ster ooit. Op <http://www.litnet.co.za>.
- Van Jaarsveld, F.A. 1992. Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, Hede en Toekoms. *Afrikaanse Geskiedskrywing en Letterkunde: Verlede, hede en toekoms*.
- H.C. Bredekamp (red.). Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland se Instituut vir Historiese Navorsing.
- Van Rooyen, Engela. 2000. *Vuur op die horison*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Vuuren, Helize. 2002. Skrywersdagboeke van die Anglo-Boereoorlog. *Stilet* XIII (1), Maart: 88-102.
2000. Biography and Autobiography, South Africa. *The Companion to African Literatures*. Douglas Killam & Ruth Rowe (eds.). Bernth Lindfors (Consultant Editor). Gerald M. Moser, Alain Ricard (Associate Editors). Oxford: James Curry/Bloomington & Indianapolis: Indiana University Press: 39-41.

- White, Hayden. 1992. Historical Emplotment and the Story of Truth. *Probing the Limits of Representation: Nazism and the "Final Solution"*. Saul Friedlander (ed.). Cambridge: Harvard University Press.
- Winterbach, Ingrid (Viljoen, Lettie). 2003 (1993). *Karolina Ferreira*. Kaapstad: Human & Rousseau.
2002. *Niggie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
1999. *Buller se plan*. Kaapstad: Human & Rousseau.
1990. *Belemmering*. Kaapstad: Taurus.
- Zammito, John H. 1998. Ankersmit's Postmodernist Historiography: The Hyperbole of 'Opacity'. *History and Theory* 37:330-346.